higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

INLEIDENDE KOMMUNIKASIE N4

(5140174)

13 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–11:00

OOPBOEKEKSAMEN

Twee woordeboeke (tweetalig en/of verklarend) en twee addisionele naslaanbronne mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye en 2 bylaes.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INLEIDENDE KOMMUNUKASIE N4
TYD: 2 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Laat 'n reël oop na elke VRAAG.
6. Gebruik die bylaes (BYLAE A EN B) soos in die spesifieke vrae aangedui.
7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: EFFEKTIEWE STUDIE

VRAAG 1

Kies 'n term uit KOLOM B wat by die betekenis in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1	Ek moet my taak voor 09:00 indien.	A	fisiologiese behoefte
1.2	Iets wat mense aanmoedig om iets entoesiasties te doen	B	sosiale behoefte
1.3	Om jou volle potensiaal te bereik	C	selfaktualisering
1.4	Hierdie stimulus is slegs aktief vir 'n beperkte tydperk.	D	motivering
1.5	Die behoefte aan liefde en vriendskap	E	korttermyndoelwit
		F	sensoriese vermoë

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 2

2.1 Verduidelik in jou eie woorde wat 'n langtermyndoelwit is en gee 'n voorbeeld daarvan. (2)

2.2 Noem DRIE beginsels van effektiewe tydsbestuur. (3)

2.3 Jou vriend sukkel om te luister wanneer hy in 'n klaskamer sit. Jy wil hom graag help sodat hy effektief in die klaskamer kan leer en luister.

Gee vir hom TWEE wenke om sy luistervaardighede in die klaskamer te verbeter. (2)

2.4 Jy besluit om hierdie kwartaal baie aandag aan jou voorbereiding vir die toetsreeks te doen.

Noem DRIE dinge wat jy kan doen om jouself in jou voorbereiding te help. (3)
[10]

TOTAAL AFDELING A: 15

Kopiereg voorbehou

AFDELING B: LUISTERVAARDIGHEDE

VRAAG 3

Kies 'n term uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (1.1–1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Jou broer speel sy musiek so hard dat jy nie jou vriendin op jou selfoon kan hoor nie.	A	interpersoonlike kommunikasie
3.2	Jy en jou vriend sit en gesels.	B	ekstrapersoonlike kommunikasie
3.3	Oupa is doof en kan nie aan die gesprek deelneem nie.	C	fisiese geraas
3.4	Jou ouer broer verstaan nie toe jy sê sy motor lyk 'cool' nie.	D	massakommunikasie
3.5	Jou ma gesels met haar kat terwyl sy vir haar kos gee.	E	perseptuele hindernis
		F	fisiologiese hindernis

(5 × 1) **[5]**

TOTAAL AFDELING B: 5

AFDELING C: BONDIGE KOMMUNIKASIE

VRAAG 4

Jy is Condray Wickens en help om 'n Sokkerdag by julle kampus te beplan. Jy wil graag vir al die deelnemers 'n sertifikaat tydens die Sokkerdag uitdeel en het so 'n sertifikaat ontwerp. Jy gaan hierdie voorbeeld aan VINNIG INK DRUKKERS stuur om 'n kwotasie aan te vra. Jy heg 'n voorbeeld van die sertifikaat aan. Jy wil 'n kwotasie vir 250 volkleursertifikate hê en versoek dat die kwotasie binne twee dae aan jou teruggestuur word. Verskaf 'n volledige e-posadres waarheen hulle dit moet stuur. Jou kontakpersoon by VINNIGE INK DRUKKERS is Jenny Visser en haar selfoonnommer is 060 456 7896.

Voltooi die kampus se faksdekblad, BYLAE A. Gebruik jou eie inligting waar inligting nie verskaf is nie. Plaas BYLAE A in die ANTWOORDBOEK. **[15]**

VRAAG 5

Bestudeer die UITNODIGINGSKAARTJIE wat as BYLAE B aangeheg is en beantwoord die vrae.

5.1 Wie bied hierdie kultuurfees aan?

5.2 Waar vind hierdie kultuurfees plaas?

5.3 Verduidelik in jou eie woorde wat die afkorting *RSVP* beteken.

5.4 Aan wie moet die egpaar Cloete RSVP vir die kultuurfees?

5.5 Is dit verkeerd en swak maniere indien mnr Cloete eers op 15 Augustus antwoord en laat weet dat hy die funksie gaan bywoon?

(5 × 1) **[5]**

TOTAAL AFDELING C: 20

AFDELING D: LEES-EN BEGRIPSVAARDIGHEDE

VRAAG 6

Bestudeer die pamflet, getiteld '16 DAE VAN AKTIVISME-VELDTOG', en beantwoord die vrae.



16 DAE VAN AKTIVISME-VELDTOG

16 DAYS of Activism
for no violence against Women and Children

count me in

25 November – 10 December

Together we move South Africa forward

NDP 2030

"Count Me In: Together Moving a Non-Violent South Africa Forward".

Wat is die 16 Dae van Aktivisme-Veldtog?

Die 16 Dae van Aktisme:Geen geweld teen Vroue en Kinders is 'n Internasionale veldtog wat jaarliks van 25 November (Internasionale Dag vir Geen Geweld teen Vroue) tot 10 Desember (Internasionale Menseregtedag) plaasvind.

Gedurende hierdie tyd onderneem die Suid-Afrikaanse Regering 'n 16 Dae van Aktivisme-veldtog wat daarop gemik is om bewusmaking rondom die negatiewe impak van geweld op vroue en kinders te verskerp.Die Regering poog ook om deur middel van hierdie veldtog alle gemeenskapsektore sovêr te kry om teen misdaad op te tree.

Wat kan jy doen?

Ondersteun die veldtog deur tydens die 16 dae tydperk 'n wit strikkie te dra:'n Wit strikkie is 'n simbool van vrede en simboliseer die draer se verbintenis daartoe om nooit geweld teen vroue en kinders goed te keur.

Neem deel aan verskeie 16 Dae van Aktivisme gebeurtenisse en aktiwiteite:Daar is 'n kalender van gebeurtenisse wat van 25 November to 10 Desember in ons Namakwa Distrik plaasvind.

Word 'n vrywilliger deur jou steun te wys aan nie-regeringsorganisasies en gemeenskapgroepe wat mishandelde vroue en kinders ondersteun.

Moedig vroulike slagoffers aan om misdaad teen te staan.Rapporteer kindermishandeling aan die polisie (SAPD).

Sluit aan by u gemeeskaps-polisieringforum (GPF) of gemeenskaps-beveiligingsforum (GBF).Deur by die GPF of GBF aan te sluit kan jy help om misdaad in jou woongebied te bekamp.

6.1 Wie is die organiseerders van hierdie veldtog? (1)

6.2 Met watter kort en kragtige slagspreuk in Engels moedig hulle jou aan om deel te neem? (1)

6.3 Hoe lank duur hierdie veldtog? (1)

6.4 Wanneer begin en eindig hierdie veldtog? (2)

6.5 Wat is die tema vir hierdie veldtog? (2)

Kopiereg voorbehou

6.6 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (6.6) in die ANTWOORDBOEK neer. Motiveer jou antwoord met 'n aanhaling uit die teks.

Hierdie veldtog vind slegs in Suid-Afrika plaas. (2)

6.7 In die eerste sin is daar weliswaar 'n spelfout op die pamflet. Skryf die spelfout neer en korrigeer dit. (2)

6.8 Tydens die veldtog word jy uitgenooi om 'n wit strikkie te dra.

Watter TWEE aspekte word deur hierdie kleur gesimboliseer? (2)

6.9 Baie verdienstelike sake of organisasies gebruik strikkies en kleur om hul saak te bemark.

Noem nog 'n organisasie of verdienstelike saak asook die kleur strikkie wat deur hulle gebruik word. (2)

6.10 In watter distrik is hierdie pamflet versprei? (1)

6.11 Noem nog TWEE dinge wat jy kan doen om te wys dat jy hierdie veldtog steun. (2)

6.12 Daar is nog 'n spelfout in die laaste paragraaf.

Identifiseer die spelfout, skryf dit neer en korrigeer dit deur die korrekte spelling daarvan neer te skryf. (2)
[20]

VRAAG 7

Die volgende grafiek toon aan hoeveel tyd studente daagliks aan sekere aktiwiteite afstaan. Bestudeer die grafiek en beantwoord die volgende vrae:



7.1 Wat is die beskrywende naam vir hierdie tipe grafiek? (1)

7.2 Aan watter aktiwiteit bestee studente die meeste tyd? (1)

7.3 Aan watter aktiwiteit bestee studente die minste aandag? (1)

7.4 Hoekom is dit belangrik dat studente hul tyd reg bestuur? (2)
[5]

TOTAAL AFDELING D: 25

AFDELING E: REMEDIËRENDE AFRIKAANS

Lees weer die artikel van die bekende sielkundige, dr ST Potgieter, *Gebruik CV om eerste 'n gunstige indruk te skep,* wat hier volg en beantwoord AL die vrae.

Paragraaf 1
Een van die belangrikste instrumente tot 'n werksoeker se beskikking is die curriculum vitae. Die letterlike vertaling van curriculum vitae uit Latyn beteken 'die storie van my lewe.' Die algemene verwysing hierna is die CV.

Paragraaf 2
Die spreekwoord sê eerste indrukke is blywend. Wel, die CV is gewoonlik daardie eerste indruk wanneer dit by 'n werkaansoek kom. Die werkgewer of die menslike hulpbronbestuurder ontvang 'n klomp aansoeke waardeur hy moet gaan. Die CV is wat die werkgewer die eerste sien en hom laat besluit wie hy vir onderhoude wil nooi. Dus het 'n CV die potensiaal om jou óf op die kortlys vir onderhoude te plaas óf om jou te diskwalifiseer.

Paragraaf 3
Die CV is dus inderdaad 'n belangrike dokument wat 'n voornemende werksoeker ten volle moet benut. 'n CV wat 'n goeie indruk maak, verbeter 'n werksoeker se kanse aansienlik. 'n CV wat jy instuur om aansoek om 'n betrekking te maak, is geen waarborg dat jy vir 'n onderhoud genooi sal word nie. Dit is juis die CV wat die oog vang, wat die goeie indruk skep, en wat die deur tot 'n onderhoud oopmaak. Beskou jou CV dus as jou persoonlike bemarkingsinstrument.

Paragraaf 4
Daar is nie 'n volkome eenvormige benadering om 'n CV op te stel nie, maar die volgende behoort basiese riglyne te verskaf:

Paragraaf 5
Die CV moet netjies vertoon, mooi getik en reg gespasieer wees. Sorg ook dat daar geen spelfoute daarin voorkom nie. Die bladsye moet skoon wees, sonder kolle of gekrulde punte. Sorg dat die uiteensetting van jou CV van deeglikheid en netheid getuig.

Paragraaf 6
Wees eerlik. Moenie feite en inligting by jou CV insluit wat nie waar is nie. Tydens die onderhoud kan jy dalk uitgevang word dat jy leuens vertel of feite verdraai. Dit skep die indruk dat jy nie betroubaar is nie.

Kopiereg voorbehou

Paragraaf 7
Dit is belangrik dat jy noodsaaklike inligting by jou CV insluit. Daar is verskillende formate om 'n CV saam te stel. In Suid-Afrika mag jy nie teen iemand diskrimineer op grond van geloof, ras of taal nie. Persoonlike besonderhede kan aspekte insluit soos jou naam en van, ID-nommer, kontaknommers en besonderhede van jou huidige werkgewer.

Paragraaf 8
Opvoedkundige kwalifikasies kan insluit jou skoolkwalifikasies, tersiêre opleiding en kwalifikasies en kursusse afgelê. Verwysings maak deel van jou CV uit. Die werkgewer kan jou vorige werkgewer skakel om navraag oor jou te doen.

Verwerk uit www.pitkos.co.za

VRAAG 8: SINONIEME

Gee 'n woord met DIESELFDE betekenis vir die volgende woorde wat in die artikel voorkom:

8.1 instrumente (paragraaf 1)

8.2 potensiaal (paragraaf 2)

8.3 persoonlike (paragraaf 7)

(3 × 1) **[3]**

VRAAG 9: ANTONIEME

Gee 'n TEENOORGESTELDE woord vir die volgende woorde wat in die artikel gebruik word:

9.1 letterlike (paragraaf 1)

9.2 eerste (paragraaf 2)

9.3 eenvormige (paragraaf 4)

9.4 werkgewer (paragraaf 8)

(4 × 1) **[4]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 10: WOORDSOORTE

Kies die woordsoort uit KOLOM B wat by 'n woord in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (10.1–10.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
10.1	Noodsaaklike	A	voorsetsel
10.2	Van	B	voornaamwoord
10.3	Benut	C	lidwoord
10.4	Jou	D	selfstandige naamwoord
10.5	Werkgewer	E	werkwoord
10.6	Die	F	byvoeglike naamwoord

(6 × 1) **[6]**

VRAAG 11: SAMESTELLINGS

Voornemend is ‘n samestelling van die woord 'voor' en 'neem'. Gee die samestelling van 'nooi' en 'van'. **[1]**

VRAAG 12: SEMANTIEK

Verduidelik in jou eie woorde wat die woord *werkgewer* beteken. **[1]**

VRAAG 13: IDIOME

Verduidelik die betekenis van die volgende idiome:

13.1 Sarah is pootuit na die afgelope toetsreeks.

13.2 John sê die poppe gaan dans as sy pa sy uitslae sien.

13.3 William sal die lepel in die dak steek as hy sy N4-kursus moet herhaal.

(3 × 2) **[6]**

VRAAG 14: MEERVOUDE

Gee die meervoud van die volgende woorde:

14.1 benadering (paragraaf 4)

14.2 navraag (paragraaf 5)

(2 × 1) **[2]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 15: VERKLEINWOORDE

15.1 riglyn (paragraaf 4)

15.2 geloof (paragraaf 7)

(2 × 1) **[2]**

VRAAG 16

Beantwoord die volgende vrae. Skryf slegs die vraagnommer (16.1–16.5) met die korrekte antwoord langsaan neer.

16.1 Skryf die getal *22* as ‘n woord uit.

16.2 Gee die vroulike vorm van die woord *onderwyser*.

16.3 Ons gebruik afkortings om die lewe makliker te maak. Die volgende, *d.w.s.,* is ook ‘n afkorting. Skryf die afkorting volledig uit.

16.4 In paragraaf 4 word die woord *opstel* as ‘n werkwoord aangewend. Skryf ‘n sin neer waarin *opstel* as ‘n selfstandige naamwoord gebruik word.

16.5 Verduidelik in jou eie woorde wat die woord *uiteensetting* beteken soos dit in paragraaf 5 gebruik word.

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 17 : SPELLING

Die volgende paragraaf bevat VYF spelfoute wat onderstreep is. Skryf slegs die vraagnommer (17.1–17.5) neer met die korrekte spelling van die woord langsaan.

Doen (17.1) moete met die skryf van jou CV, sodat dit uitstaan (17.2) waneer dit saam met talle ander aansoeke op die (17.3) lesenaar van 'n moontlike (17.4) werkgeewer beland. Die CV doen voorberydingswerk vir die onderhoud met jou (17.5) potensiele werkgewer.

(5 × 1) **[5]**

TOTAAL AFDELING E: 35
GROOTTOTAAL : 100

Kopiereg voorbehou

BYLAE A

AFDELING C: BONDIGE KOMMUNIKASIE

VRAAG 4: FAKSDEKBLAD

EKSAMENNOMMER: | | | | | | | | | | | | | |

KAMPUS FAKSDEKBLAD

Vir aandag: _____

Firma _____

Faksnommer _____

Telefoonnommer: _____

Van: _____

Faksnommer: _____

Telefoonnommer: _____

Boodskap:

_____

Aantal bladsye (dekblad ingesluit) Datum: _____

Gestuur deur: _____

[15]

Kopiereg voorbehou

BYLAE B

AFDELING C: BONDIGE KOMMUNIKASIE

VRAAG 5

Die Kampushoof van
Sukses Kampus nooi

mnr. en mev. S.D. Cloete

vriendelik uit om die Kampuskultuurfees

op Vrydag 15 Augustus 2018 om 10:00
by te woon

Lokaal: Sukses Kampussaal,
Tiltonstraat 101, Bellville

RSVP voor 8 Augustus 2018
Mej. Reinette Kuhn
Tel: 021 992 1000

Drag: Netjies informeel

Verversings sal in die Kampuspersoneelkamer na afloop van die Kultuurfees bedien word.

[5]

Kopiereg voorbehou